

7 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 3:7-14

Fokusgedeelte: Filippense 3:10

My dryfkrag: Om Christus te ken!

Daar is so baie dinge vandag wat die kerk dryf. Sommige gemeentes werk met groot ywer om die kerk by die sosiale probleme van ons tyd betrokke te kry. Ander het nou weer 'n klomp voorskrifte wat stiptelik nagekom moet word. Nog 'n ander groep werk met groot ywer om die kerk meer “gebruikersvriendelik” te kry. Terwyl ander weer op hulle beurt stry om alles in die kerk te hou soos wat dit 'n klompie jare terug was. Alhoewel al die dinge nie sleg is nie, kan dit gou ons dryfveer word. As jy jou oë oopmaak, word jy as gelowige deur uiterlike dinge gedryf.

Maar wat moet die dryfkrag agter 'n gelowige wees? As Paulus aan die gemeente in Filippi skryf wat hom dryf, dan skryf hy: *“Al wat ek wens, is om Christus te ken.”* My Bybel lees, my betrokkenheid in 'n gemeente, die uitleef van my Christenskap moet daarop gerig wees *“om Christus Jesus, my Here te ken”* (vs 8). Die woordjie *“ken”* wat hier in ons teksverse gebruik word, word ook in die Griekse Ou Testament in Genesis 4:1 gebruik waar staan *“die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword”*. Om iemand te ken, beteken dat ek baie van hom weet, terwyl getroudes se ken van mekaar meer gebaseer is op dit wat hulle ervaar en beleef van mekaar. Wat hulle weet van mekaar, is belangrik, maar die intimiteit van hulle verhouding, die vertroue en die liefde wat hulle in hulle saamwees ervaar, maak die huwelik spesiaal.

Om Christus te ken, is baie meer as net “kopkennis”. Dit beteken dat ek in 'n intieme verhouding met Hom staan. Dat die Gees sy kruisiging en opstanding die grootste werklikheid in my lewe maak sodat dit die krag word wat my doen en late dryf. Om Bybel te lees of om kerk toe te gaan, word 'n ontmoeting met Hom. Om my werk te doen, word iets wat ek vir Hom doen. Om kerk toe te gaan en by die kerk betrokke te wees, word Christus. My hele lewe word Christus.

Sing: Skrifberyming 3-2:1-4

Ds HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)